**Die tabernakel versus Jesus as die tempel**

**Joh 1:1-14**

**11 Augustus 2024**

1. Vantevore: Tabernakel beeld verlossingsproses uit. Tuin van Eden was 'n eerste tempel. Tempel van Salomo is misbruik, en dus vernietig. Die tempel na die ballingskap het na niks gelyk nie, en was nie vervulling van Ou Testamentiese tempelprofesieë nie.
2. Jesus is die vervulling van die tempel
    a. Is Herodus se herbou van tempel vervulling van die profesieë? (Joh 2:20)
    b. Joh 1:1 – Jesus = Woord = God
    c. Joh 1:4 – Jesus = God = Lig = Lewe – vgl kandelaar, strome lewende water in tempel
    d. Joh 1:9 – Jesus is die lig wat menseharte verlig
    e. Joh 1:14 – Jesus het by mense kom "tabernakel" – vgl Eden, tabernakel, tempel; Jesus maak heerlikheid van die Vader sigbaar – vgl tabernakel, tempel van Salomo, Hag 2:7
    f. Joh 1:48-51 – Jesus is ontmoeting tussen God en mense - vgl Jakob by Bet-El (Gen 28), Eden, tabernakel, Salomo se tempel
    g. Joh 2:1-12 – water in wyn toon Jesus se heerlikheid – vgl Hag 2
    h. Joh 2:13-17 – Jesus reinig die tempel, Sy liggaam is die tempel
    i. Mark 11 – Vyeboom verdroog weens gebrek aan vrug, tempel sal vergaan weens gebrek aan vrug
    j. Mark 12:1-11 – Jesus word die hoeksteen van die ware tempel (vgl Ef 2:20)
    k. Joh 4:1-15 – Jesus is bron van lewende water – vgl Esegiël se visioen
    l. Joh 4:19-25 – Aanbidding nie meer in Jerusalem by tempel nie – in gees en waarheid (vgl Eseg 36:27, Hag 2:5, Sag 4:6, 6:8)
    m. Mat 12:1-6 – Jesus is groter as die tempel – Hy is die vervulling daarvan (vgl Hag 2)
3. Die oorgang van die tempel na Jesus as die ware tempel
    a. Vind oorgang eers plaas met fisiese vernietiging van fisiese tempel? (Mat 24:1-2)
    b. Nee, reeds met Jesus se sterwe (Joh 2:19)
    c. Mat 27:50-51 – Wanneer Jesus sterf, skeur die voorhangsel in fisiese tempel
        - Hy beweeg as ware Hoëpriester deur die voorhangsel om bloed te sprinkel
        - Hy is effektiewe offer op brandofferaltaar, Sy bloed is in die waskom – Hy is vervulling van tempel
        - Vgl: Heb 8:1-2, 9:11, 10:19-21
4. Die begin van die bouwerk aan die ware tempel waarvan Jesus die hoeksteen is
    a. Ware tempel moet gebou word op Jesus as die hoeksteen
    b. Wanneer begin die bouwerk?
        - Mat 27:54 – Romeinse bevelvoerder: Hy was werklik die Seun van God
        - Joh 20:19 – "Vrede vir julle!" – vgl Hag 2:9
        - Mat 28:18-20 – Jesus stuur dissipels uit om te bou
            - Vgl met Kores se opdrag (2 Kron 36:22)
            - Dissipel uit alle nasies – vgl met Eden, Jakob, Jesaja (wye tentdoeke), Esegiël (stroom lewende water), Haggai (nasies sal kom), Sagaria (strydwaens in alle rigtings)
            - Jesus is by hulle – vgl met Jakob (Eks 28:15), volk by Sinai(Eks 33:17), volk na ballingskap (Eseg 36:9), profesie van Haggai (Hag 2:5) en Sagaria (Sag 2:5)